

**REKENINGKUNDE: VRAESTEL I**

Tyd: 2 uur

200 punte

**INLIGTINGSBOEKIE**

$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekweiteit}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins voor belasting + Rente- uitgawe}}{\text{Gemiddelde kapitaal aangewend}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste		(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Krediet aankope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Eindvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	Bedryfsbates – Bedryfslaste
Niebedryfslaste : Aandeelhouersekweiteit		Totale bates : Totale laste
$\frac{\text{Wins na belasting}}{\text{Getal aandele uitgereik}}$		$\frac{\text{Dividende op gewone aandele}}{\text{Getal aandele uitgereik}}$
$\frac{\text{Vaste koste}}{\text{(Verkoopsprys per eenheid - Veranderlike koste per eenheid)}}$		$\frac{\text{Totale gewone aandeelhouersekweiteit}}{\text{Getal aandele uitgereik}}$

**VRAAG 1 VOORRAADSTELSELS (32 punte, 19 minute)****Inligting aangaande Weighcomm Scales**

Weighcomm Scales voorsien seekoskleinhandelaars van gespesialiseerde elektroniese skale. Hulle gebruik die periodieke voorraadstelsel om hul voorraad op te teken en die EIEU-metode om dit te waardeer. Die finansiële jaar eindig op 31 Julie 2016.

1. Hieronder is die voorraadrekord van elektroniese skale wat vir die jaar gekoop is. Pryse **sluit BTW uit**.

	<b>Getal eenhede</b>	<b>Eenheidskoste</b>	<b>Totale koste</b>
Beginvoorraad (1 Augustus 2015)	200	R2 100	R420 000
Aankope gedurende die jaar	1 350		R2 942 000
November 2015	320	R2 180	R697 600
Februarie 2016	540	R2 160	R1 166 400
Julie 2016	490	R2 200	R1 078 000

2. Bruto verkope vir die jaar was R4 375 320, **BTW ingesluit**.
3. Debiteureterugsendings beloop R19 000, **BTW uitgesluit** (5 eenhede). Dit is al die terugsendings van voorraad.
4. Die volgende kredietnota vir skale wat aan 'n verskaffer teruggestuur is, is in die klerk se lessenaarlaai ontdek. Dit is nie verwerk nie en hou verband met voorraad wat in Julie 2016 gekoop is. Daar was geen ander kredietnotas gedurende die jaar nie.

<b>Weighcomm Scales Bpk</b>			
Beviss-singel 17 New Germany Tel.: (031) 703 2555 Faks: (031) 703 2566 e-pos: navrae@weighcommsscales.co.za <www.weighcommsscales.com>			
KREDIETNOTA: 5664/07		DATUM: 31 JULIE 2016	
Adres aan: CROSSFIT SCALES NOORDKUSWEG 210 DURBAN			
<b>HOEVEELHEID</b>	<b>ITEM</b>	<b>EENHEIDSKOSTE (BTW uitgesluit)</b>	<b>TOTAAL</b>
12	Elektroniese skaal	?	?
BTW			?

5. Volgens die fisiese voorraadtelling op 31 Julie 2016 het die onderneming 510 eenhede voorhande gehad.

**VRAAG 2****MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE****(70 punte, 42 minute)****Inligting aangaande Impumelelo Beperk**

**Impumelelo Beperk**  
**Vooransuiweringsproefbalans vir die jaar geëindig 31 Oktober 2016**

	R	R
<b>Balansstaatafdeling</b>		
Gewone aandeelkapitaal		?
Behoue inkomste		?
Grond en geboue	4 064 000	
Voertuie	1 850 000	
Opgehoopde waardevermindering op voertuie		1 729 000
Vaste deposito: Rand Merchant teen 10,5% p.j.	135 000	
Handelsvoorraad	360 870	
Debiteurekontrole	161 969	
Bank		32 740
Lening: Capitec Bank		300 000
Krediteure vir salarisse		25 100
SAID: LBS		12 050
Werkloosheidversekeringsfonds (WVF)		979
Krediteurekontrole		229 120
Voorsiening vir oninbare skuld		7 930
SAID: Inkomstebelasting	289 000	
<b>Nominalerekening-afdeling</b>		
Verkope		2 435 000
Koste van verkope	1 521 875	
Debiteure-afslag	3 725	
Huurinkomste		144 313
Ouditgelde	25 000	
Direkteursgelde	159 600	
Diverse uitgawes	116 649	
Oninbare skuld	11 594	
Salarisse	240 000	
Rente op vaste deposito		9 050
Verlies op vervreemding van bate	6 000	
Dividende op gewone aandeel	140 000	
	9 085 282	9 085 282

**Bykomende inligting en aansuiwerings wat nog in ag geneem moet word:****1. Die volgende aansuiwerings het op hul debiteure betrekking:**

1.1 'n Kredietnota gedateer 31 Oktober 2016 is uitgereik vir defektiewe voorraad met 'n verkoopsprys van R2 256. Die maatskappy pas konsekwent 'n winsgrens van 60% op kosprys toe. Hierdie goedere is aan die verskaffer teruggestuur.

1.2 Voorsiening vir oninbare skuld moet aangesuiwer word tot R8 200.

2. Huurinkomste vir November 2016 is op 25 Oktober 2016 ontvang en opgeteken. Die perseel was vir die hele jaar beset.

3. Impumelelo Beperk het 'n 40%-deposito op hul ouditgelde vir die jaar betaal. Die saldo sal op 7 November 2016 vereffen word.

4. Volgens die fisiese voorraadtelling het handelsvoorraad voorhande R358 240 beloop.

5. Die syfer van R25 100 vir krediteure vir salarisse in die vooraansuiweringsproefbalans weerspieël die volgende twee situasies:

5.1 Die salarisklerk het die Oktober-salaris van werknemer Jack Jones wat die maatskappy op 30 September 2016 verlaat het, verkeerd verwerk.

Die besonderhede van sy Oktober-salaris is soos volg:

<b>BRUTO SALARIS</b>	R28 000	<b>AFTREKKINGS</b>	<b>BYDRAES</b>
		LBS: R7 852	
		WVF: R148 (Ignoreer die maksimum vir WVF)	WVF: R148 (Ignoreer die maksimum vir WVF)

Bydraes word op die salarisrekening gedebiteer.

5.2 Die oorblywende salaris was vir 'n werknemer wat versoek het dat sy Oktober-salaris eers op 1 November 2016 betaal word.

5.3 Betalings aan SAID en die onderskeie fondse sal eers op 1 November 2016 gedoen word.

6. Die vaste deposito is op 1 Julie 2016 met R25 000 verhoog. Dit is opgeteken. Rente word nie gekapitaliseer nie. Uitstaande rente moet in rekening gebring word.

7. Slegs een bate, 'n voertuig, is aan die begin van die jaar verkoop. Die boekwaarde van hierdie voertuig op die verkoopsdatum was R20 000. Dit is vir R24 000 kontant verkoop. Al die transaksies aangaande die oordrag van die kosprys en opgehoopte waardevermindering van die bate na die batevervreemdingsrekening het korrek plaasgevind, maar die boekhouer het die ontvangs van kontant in die KOJ en batevervreemdingsrekening as R14 000 in plaas van R24 000 opgeteken.

8. Die oorblywende voertuie se waarde moet verminder word tot 'n **boekwaarde** van R15 000.

9. Impumelelo Beperk het op 1 November 2015 'n lening by Capitec Bank verkry met die ooreenkoms dat hulle elke jaar 'n vaste bedrag van die lening sowel as enige rente-uitgawe vir daardie jaar sal terugbetaal. Die volgende tabel toon die transaksies wat met die lening verband hou vir die finansiële jaar eindigende 31 Oktober 2016:

Beginsaldo op 1 November 2015	R420 000
Plus: Rente gekapitaliseer	?
Min: Terugbetalings en rentebetalings gedurende die jaar gedoen	(166 200)
Eindsaldo op 31 Oktober 2016	300 000

Impumelelo Beperk het begroot om volgende jaar dieselfde kapitaalgedeelte van die lening terug te betaal.

10. Die volgende aandeeltransaksies het gedurende die jaar plaasgevind:

<ul style="list-style-type: none"> <li>Op 31 Oktober 2015 het die maatskappy uitgereikte aandele met 'n geweege gemiddeld van R6,90 per aandeel gehad.</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>Op 1 November 2015 het die maatskappy 'n verdere 125 000 gewone aandele teen R7,30 per aandeel uitgereik. Hierdie transaksie is opgeteken.</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>Op 30 September 2016 het die maatskappy 37 500 aandele teen R8,50 per aandeel by die boedel van 'n afgestorwe aandeelhouer teruggekoop.</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>Op 31 Oktober 2016 is 2 500 gewone aandele teen R7,40 elk aan direkteur A. Shaw <b>uitgereik in die plek van sy uitstaande direkteursgelde</b>. Geen inskrywing is gemaak om dit op te teken nie.</li> </ul>

11. By voltooiing van die oudit vir die jaar is bereken dat Impumelelo Beperk SAID 'n verdere R11 450 aan inkomstebelasting verskuldig is.
12. Op 31 Oktober 2016 het die direkteure 'n finale dividend van 80 sent per aandeel verklaar. **Die aandele wat aan direkteur A. Shaw uitgereik is, kwalifiseer NIE vir hierdie dividend nie.**

**VRAAG 3 KONTANTVLOEISTATE****(50 punte, 30 minute)****Inligting aangaande Claxton BPK**

1. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 31 Julie 2016.

Verlies op verkoop van toerusting	R3 250
Waardevermindering vir die jaar	R164 400
Rente op lening	R110 000
Inkomstebelasting	R518 000
Netto inkomste voor belasting	R1 223 000

2. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) soos op:

	<b>31 Julie 2016</b>	<b>31 Julie 2015</b>
<b>Vaste bates</b>	<b>7 332 850</b>	<b>5 170 000</b>
Grond en geboue	6 100 000	4 220 000
Toerusting teen drawaarde	1 232 850	950 000
<b>Ekwiteit</b>	<b>5 865 750</b>	<b>5 690 000</b>
Aandelekapitaal	?	4 655 000
Behoue inkomste	?	1 035 000
<b>Langtermynlaste</b>	<b>987 250</b>	<b>900 000</b>
Verbandlening: RFS Finansiële Bank (12% p.j.)	987 250	900 000

## 3. Uittreksel uit die aantekeninge by die Finansiële State soos op 31 Julie 2016

**Aantekening 5: Handels- en ander ontvangbare rekeninge**

	31 Julie 2016	31 Julie 2015
SAID – Inkomstebelasting	R22 700	?

**Aantekening 6: Kontant en kontantekwivalente**

	31 Julie 2016	31 Julie 2015
Bank	R12 500	
Kleinkas	R2 000	R1 500

**Aantekening 7: Handels- en ander betaalbare bedrae**

	31 Julie 2016	31 Julie 2015
SAID – Inkomstebelasting		?
Aandeehouers vir dividende	R113 000	R162 000
Bank		?

## 4. Bykomende inligting:

- Die **totale** dividende betaal en verklaar vir die jaar beloop R338 000.
- Die kontantvloeistaat op 31 Julie 2016 weerspieël belasting betaal van R557 050.
- Die onderneming het nuwe toerusting gedurende die jaar gekoop.
- Hulle het ook ontslae geraak van verouderde toerusting op 31 Maart 2016. Die volgende inligting aangaande die vervreemding van hierdie toerusting is uit die tasbarebater-register geneem:

Kosprys van die toerusting R180 000  
 Opgehoopte waardevermindering (1 Augustus 2015) R87 500  
 Waardevermindering is bereken teen 15% p.j. volgens die verminderendesaldo-metode.

- Die onderneming het gedurende die jaar 'n bykomende pakhuis gebou.
- Op 1 Augustus 2015 het Claxton BPK 931 000 uitgereikte gewone aandele gehad.
- Op 1 Augustus 2015 het Claxton BPK besluit om 50 000 gewone aandele by 'n aandeelhouer terug te koop teen R5,50 per aandeel. Die geweegde gemiddelde prys per aandeel op hierdie datum was R5.
- Gedurende die finansiële jaar geëindig 31 Julie 2016 het hulle verdere aandele aan die publiek uitgereik teen 'n prys van R5,55 per aandeel.
- Claxton BPK het 'n nuwe lening van R218 000 gedurende die jaar verkry. Rente word gekapitaliseer en leningterugbetalings (met inbegrip van rente vir die jaar) is gedurende die jaar gedoen.
- Die **netto verandering in kontant en kontantekwivalente vir die jaar geëindig 31 Julie 2016** was R119 000 (positief).

**VRAAG 4                      VERVAARDIGING****(48 punte, 29 minute)****Hierdie vraag bestaan uit twee dele; elkeen hou met 'n heel ander onderneming verband.****DEEL A****Inligting aangaande Thorndon Vervaardigers**

Thorndon Vervaardigers is 'n mediumgrootte onderneming wat in die produksie van sekuriteitsalarms spesialiseer. Hulle verskaf hul produkte aan verskeie sekuriteitsmaatskappye, maar het ook 'n aanlyn winkel waar hulle inbelsentrum sekuriteitsalarms direk van die fabriek af verkoop. 90% van al die verkoops- en verspreidingskoste word deur die aanlyn inbelsentrum aangegaan.

1. Die volgende saldo's is in die voorraadrekening aangetref:

	<b>30 September 2016</b>	<b>1 Oktober 2015</b>
Voorraad grondstowwe	R70 000	R55 000
Voorraad indirekte materiaal	R2 730	R4 500
Voorraad goedere-in-bewerking	?	R65 050
Voorraad klaarprodukte	R80 500	R101 450

2. Grondstowwe is gedurende die jaar gekoop, R1 135 000. Die eienaar het grondstowwe met 'n kosprys van R2 500 wat hy voorheen vir sy eie persoonlike gebruik geneem het, terugbesorg. Die terugbesorging van hierdie voorraad is nog nie opgeteken nie.
3. 'n Kredietfaktuur vir R3 500 is nog nie opgeteken nie. Dit was ten opsigte van die vervoer van grondstowwe van die hawe na die fabriek.
4. Nadat die krediteur se versoening voltooi is, is ontdek dat 'n korting van R6 000 op grootmaataankope van grondstowwe nie toegestaan is nie. Thornton Vervaardigers is geregtig op hierdie korting.
5. Verkope vir die jaar was R6 282 375. (30% van hierdie verkope is deur die inbelsentrum.) Koste van verkope vir die jaar was R2 512 950.
6. Indirekte materiaal wat gedurende die jaar gekoop is, was R260 000. Indirekte materiaal gebruik, word tussen die fabriek, administrasie, en verkope en verspreiding verdeel in die verhouding 1 : 1 : 3.
7. Aan die einde van die jaar is ontdek dat indirekte materiaal in die fabriek (verpakkingsbokse) met 'n kosprys van R1 750 gesteel is. Die voorraad is verseker en die versekering sal R1 130 in Oktober 2016 uitbetaal. Geen inskrywings is gemaak om hierdie diefstal op te teken nie.
8. Versekering wat vir die jaar betaal is, beloop R121 520 en dit sluit versekering in wat vooruit vir Oktober en November 2016 betaal is. Versekering van R59 520 is aan verkope en verspreiding toegedeel en R7 440 aan administrasie.



9. Die totale huur is R490 000. 60% is vir die fabriek, 5% vir administrasie en die res is vir verkope en verspreiding.
10. Die volgende salaris- en loonuitgawes is aangegaan:

	Bruto salarisse en lone	Bydraes	
		Mediese fonds	WVF
<b>Indirekte arbeid</b>			
Fabriek	R312 850	R7 002	R2 428
Administrasie	R80 000	R1 650	R1 600

Direkte arbeid het R790 000 beloop.

11. Vervoerkoste om alarms by aanlyn klante af te lewer was R35 080.
12. Totale verkoops- en verspreidingskoste as 'n persentasie van verkope vir die jaar was 16%.

## DEEL B

### Inligting aangaande Sakke Vol Pret

Sakke Vol Pret is 'n klein vervaardigingsonderneming wat deursigtige potloodsakkies vervaardig. Hierdie onderneming verskaf hierdie potloodsakkies aan verskeie skoolwinkels in die Durban-gebied. Maria Martins, die eienaar, is bekommerd oor die winsgewendheid en volhoubaarheid van haar onderneming.

Die volgende inligting is uit die boeke van Sakke Vol Pret geneem op hul jaareinde, 31 Oktober 2016.

Elke jaar verkoop hulle al die goedere wat hulle vervaardig:

	31 Oktober 2016			31 Oktober 2015
	Totale koste	Eenheidskoste	Vas/Veranderlik	
Direkte materiaalkoste	R607 750	R5,50		
Direkte arbeidskoste	R508 300	R4,60		
Verkoops- en verspreidingskoste	R182 325	R1,65	Alles veranderlik	
Fabrieksbokoste	R548 410		Alles vas	
Administrasiekoste	R247 500		Alles vas	
Verkoopsprys per eenheid		R18,85		R15

	31 Oktober 2016	31 Oktober 2015
Eenhede vervaardig en verkoop	?	98 000 eenhede
Gelykbreekpunt	?	78 000 eenhede